IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I1.19 Vol. 136 Pg. 6697 - 6754.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-08-27

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRüGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

136

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---------------------

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---------------------

VOLUME 136

(Bladsye 6 697 - 6 754)

HOF HERVAT OP 27 AUGUSTUS 1968.

MR TIP : My Lord, before My Learned Friend, Mr Yacoob, commences cross-examination, might I turn to the question of admissions briefly and seek Your Lordship's leave to hand in two documents relating to the admissions. The first is given the serial number AAS(8) and I will read onto the record the paragraph indicating the nature of the admissions that the documents whose serial numbers are set out in column 1 of the schedule hereto were found in the possession of or under the control of the persons and/or organisations and/or at the places set out in column 2 of the said schecule. My Lord,this is to precisely the same effect as the earlier document being EXHIBIT AAS(5) and it relates to the balance of the documentation not dealt with in that AAS(5) document.

COURT : Is the effect of this admission then that there are still some documents of all the documents which are before Court which are not admitted or proved, then we will have to have them removed from the record, I take it?

MR TIP : Yes, there is a very small number of such documents. I will arrange with My Learned Friend for those to be taken out.

COURT : I think we can leave them in tact but at the end of the case we must have them removed.

MR TIP : We will prepare a schedule, but there are a very few of them. Could I ask Your Lordship to look for a short moment at the previous EXHIBIT AAS(5).In the course of the preparation of the document handed up to Your Lordship this morning there were a few corrections, a few typing errors which remained undetected in AAS(5). If I could just read that onto the record. The first one is on page 9 of

... /schedule

schedule to that. The third entry from the foot of that page reads H.2 and that should in fact read J.2.

COURT : So, it is J.1, J.2?

MR TIP : J.1, J.2. The second correction is on page 17 about the eighth entry from the top. Your Lordship will see two entries W.37 and the second of those should read W.38. Lastly on page 29 of that schedule the third entry reads AG.3 and that should read AH.3 in sequence. Those are the only ones that I have detected now. I hope that it is now correct. Might I then turn to the second document which we seek Your Lordship's leave to hand in this morning and that is document number AAS(9). It is an admission made in respect of the documents where the State has sought from us admissions that they are written by the accused. The admission is to this effect that the documents whose serial numbers are set out in column 1 of the schedule hereto were written or compiled by the accused person whose number is set out in column 2 of the schedule hereto and that the said document was of the nature and/or was intended for the purpose and/or was distributed as set out in column 3 of the said schedule. The original has been signed by all the accused, save for accused no. 17.

COURT : I take it that if we do not get the signature of accused no. 17, the admission is in any case made on behalf of accused no. 17?

MR TIP : That is so. It has been a long time in preparation this document and he is aware of this.

MR YACOOB : May I mention that accused no. 19 has to have a chest X-ray this morning and I would ask Your Lordship's leave that the would be allowed to leave court now.

COURT : Yes, thank you.

... / LEENDERT

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, v.o.e.

CROSS-EXAMINATION BY MR YACOOB : Colonel, it has been communicated to me that you have agreed to listen to questions in English. Is that correct? -- That is correct.

I want to make it quite plain that if there is anything that you do not understand or if you have any difficulties with what I have to say, to feel free to ask for further clarification before you answer the question and let there be no difficulty about that.

HOF : Ek wil ook iets op rekord plaas en dit is dat ek, soos lank gelede al aangedui aan die advokate, in beginsel teen hierdie tipe prosedure gekant is; dat ek in hierdie verband hier 'n uitsondering maak om twee redes. Die eerste is omdat die getuie daartoe toegestem het en die tweede is omdat mnr. Yacoob nie in staat is om in Afrikaans die ingewikkelde kruisondervraging van tegniese aard te doen nie en dit anders daarop sou uitloop dat dat van 'n tolk gebruik gemaak sou word. Die feit dat ek op hierdie stadium in hierdie betrokke opsig vir hierdie beperkte doel toestem tot hierdie wyse van die prosedure, moet nie vertolk word dat ek enigsins in die algemeen daarmee akkoord gaan nie. Hierdie is 'n hoë uitsondering. Dr. Jansen, indien daar enige vraag is wat in Engels gestel word wat u nie begryp nie, moet u net sê, dan sal ek dit vir u vertolk. -- Dankie.

MR YACOOB : We are indebted to Your Lordship for allowing this and we understand the qualification that Your Lordship has stated quite completely. Colonel, a few questions about your experience. How many years of experience have you had with investigating tape recordings? -- Die ondervinding waarin ek bandopnames analiseer met die doel spesifiek om te sien of daar met die opnames gepeuter is, vir daardie

... / sp

spesifieke doel het ek twaalf jaar ondervinding.

Do I understand that you have some other kind of experience preceding this? -- Ja, dit is korrek. Ek het ongeveer ses-en-twintig jaar ondervinding van bandopnames en tegniese aspekte verbonde aan die maak van bandopnames.

Could you please describe the first twenty-six years of your experience in a little more detail? What sort of experience was it in the making of tapes? -- My oorspronklike ondervinding met bandopnames was beperk tot die bou van my eie bandopnemer en daarby was dit natuurlik nodig om die beginsels verbonde aan die maak van bandopnames te verstaan. Aan die begin het ek slegs musiek en spraak vir my eie doeleindes opgeneem en dit beslaan ongeveer die eerste vyf jaar van daardie periode. Daarna het ek begin werk by die WNNR se afdeling Akoestiek en daar het ek baie met bandopnames te doen gekry. Daar het ons van verskeie tipe bandopnemers gebruik gemaak het en vir baie doeleindes is bande daar opgeneem

What did you have to do at the council? -- My werk het gesentreer om die analise van spraakseine soos opgeneem op bandopnames.

For what purpose? -- Die belangrikste doel daarvan was vir die doel van die bepaling van die identiteit van die spreker. Dit wil sê stemidentifikasie.

Were there other less important purposes? -- Die ander aspekte wat daarmee verband gehou het was dinge wat gekoppel kan word aan bandopnames vir die doel van die analise soos ek reeds beskryf het. Daar is niks wat ek op hierdie stadium aan kan dink wat ek spesifiek sal wil uitsonder nie.

Is it correct that the analysis of tapes for the purpose of voice identification entail the use of an instrument

called a spectograph? -- Dit is korrek dat vir een van die maniere waarop stemidentifikasie gedoen word, word 'n spektograaf, 'n klankspektograaf gebruik.

Would I be correct in saying that up until twelve years ago your real expertise lay in the field of voice identification or in the field of the analysis of tapes, tape recordings for the purpose of voice identification? -- Die werk waarop ek gekonsentreer het was in daardie rigting. Dit is korrek.

And you would not have regarded yourself as an expert in any other field as at that time? -- Ja, dit is korrek.

Did you change your employment twelve years ago or did you remain on with the council at the stage when apparently your experience changed? -- Nee, ek was nog altyd by die WNNR gewees.

Twelve years ago you began doing work at the council which entailed determining whether or not tapes had been tampered with. Is that right? -- Dit is korrek, ja.

At whose instance did you do this work? Who would have made the tapes that you would have had to analyse for the past twelve years? -- Die bande wat tersake sou wees, was in alle gevalle bande wat deur die polisie opgeneem is.

And where there by and large tape recordings of conversations aimed at establishing the commission of certain crimes?

HOF : Laat ons dit anders stel. Is dit bandopnames wat gemaak is deur die polisie vir polisiedoeleindes? -- Ja, dit is korrek. Ek dink die antwoord kan ook so gegee word. Dit was bandopnames wat op een of ander manier verband sou hou met 'n hofsaak waarin die skuld van 'n beskuldigde bewys sou kon word of waar dit sou kon help om die skuld van 'n

beskuldigde te bewys.

MR YACOOB : I understand that you were involved in analysis of a number of tape recordings and video recordings of meetings for a treason trial at Pietermaritzburg recently. Is that right? -- Dit is korrek.

And the tapes that you had to analyse here also concerned meetings. Is that right? -- Dit is korrek.

Apart from these tapes which were in fact recordings of meetings, would it be correct to say that the other tapes which you analysed were largely recordings of conversations? -- Ja, ek sou sê ongeveer twee-derdes van die bande wat ek gereeld mee te doen gehad het in die verlede was opnames van gesprekke.

And the other one-third? -- Die ander een-derde was gewoonlik opnames van toesprake, soos by vergaderings.

Why do you say "soos by vergaderings"? -- Dit was soms toesprake wat nie by vergaderings gegee is nie, maar wat gegee is op dieselfde manier as ŉ mens sou hê by ŉ vergadering en hier dink ek byvoorbeeld aan Nuwejaarsboodskappe van Oliver Thambo.

Is it correct that the tapes that you have had to examine generally speaking aside of those for the Pietermaritzburg case and those for this case, were generally shorter. By shorter I mean the recordings themselves were shorter, not the length of the tape?

HOF : Kan ons net duidelikheid kry. Watter twee bande vergelyk u nou met mekaar, mnr. Yacoob?

MR YACOOB : The tapes which he had had to examine for the Pietermaritzburg case and this case as one category and those that he had had to examine in the course of his other work.

HOF : Watter sê u was korter gewees?

MR YACOOB : The others.

HOF : Die ander bande wat u in die gewone loop van u werk altyd gedoen het, is korter bande as hierdie wat u vir die hoogverraadsaak in Pietermaritzburg gehad het en wat u vir ons doeleindes ondersoek het? -- Ek dink 'n mens moet 'n bietjie kwalifiseer hier en net seker maak wat presies die vraag behels. Byvoorbeeld, word daar bedoel die hoeveelheid opnametyd per vergadering ongeag hoeveel bande dit beslaan ....(Mr Yacoob intervenes)

MR YACOOB : The length of the recording that you had to examine? -- So, dit lyk vir my ons stem ooreen hier dat die vraag beslaan die totale tydsduur van die opnames al sou dit oor meer as een band strek?

That is correct, but for each separate occasion, of course? -- Ja. Die tydsduur van die gemiddelde lengte van die vergaderings waarmee ek te doen gekry het vir die Pietermaritzburg hofsaak en vir hierdie een is redelik lank, in dié sin dat ek het vantevore al met sulke lang goed te doen gekry, maar die gemiddelde lengte was heelwat korter.as hierdie waarmee ek hier te doen gekry het.

It is also clear to me from what you have said that you had no experience in editing tapes yourself? -- Dit is nie korrek nie. Wat meer korrek sou wees, is om te sê dat ek nooit gekonsentreer het net op aspekte van sogenaamde "editing" van bandopnames nie, maar ek het sekerlik in my werk baie te doen gekry met "editing" van bandopnames.

HOF : Wat noem 'n mens "editing"? Redigeer? Wat verstaan u onder "editing"? -- Ja, redigeer is miskien 'n goeie woord wat 'n mens kan gebruik. By "editing" verstaan ek enigiets wat sal veroorsaak dat die uiteindelike opname nie meer ooreenstem met die oorspronklike vloei van klank nie.

.../Sou

Sou dit dan wees ŉ byvoeging of ŉ weglating tot die band of is dit iets meer as dit? -- ŉ Byvoeging en ŉ weglating val sekerlik in daardie kategorie, ja.

Is dit wyer as dit? -- Maar enige verandering aan die band natuurlik waar byvoorbeeld die volgorde van die dele wat op die band verskyn verander word. Dit sou ook ingesluit word onder die begrip van redigering.

MR YACOOB : Was it necessary for you to do editing work in respect of tape recording at the instance of the police in the last twelve years? -- Nee.

Do you agree that most of your work in the past twelve years has been work done at the instance of the police? -- Die laaste vier en ŉ half jaar seker, want dit is sedert tyd wat ek voltyds vir die polisie werk. Voor daardie tydperk en terwyl ek nog by die WNNR was het ek soms werk vir die polisie gedoen en daarby kan ek sê miskien ŉ kwart van my tyd of minder is daaraan spandeer.

How much of your work would have involved - I am sorry. I would like to ask another question before that. Is it correct that you would have done no editing work at all in the last four and a half years in the course of your work with the police? -- Kan u dit net weer herhaal. Ek is nie seker of ek dit korrek verstaan nie.

HOF : Die vraag is of in die laaste vier en ŉ half jaar wat u voltyds vir die polisie werk u enige redigering hoegenaamd gedoen het? -- Ja, hoegenaamd, ek het wel redigering gedoen.

MR YACOOB : By way of exception? -- Dit is korrek, ja.

Before that, how much of your time, that is in the preceding seven and a half years, would have been spent on editing work? -- Dit is moeilik om daarop te antwoord, maar

... / dit

dit is ŉ klein persentasie.

Would it be correct to say that you have very little experience in editing work? -- Ek sou dit nie heeltemal so sterk stel nie. As ŉ mens die "very" uithaal, sou ek miskien saamstem dat ek het min ondervinding daarin.

Would you accept that experience actually doing editing is very helpful in trying to work out whether or not tapes have been edited or have been tampered with? -- Ja, dit sal sekerlik nuttig wees.

And would you therefore accept that your own ability to detect edit or to detect tampering would to some extent, and I do not want to talk about the exact the extent, but to some extent at least be limited by your limited experience in editing work? -- Ek sou die vraag liewers so wou antwoord, dat daar is sekerlik nog dinge wat ek kan leer omtrent bande en omtrent "editing" en omtrent maniere hoe om "editing" op te spoor. Daarby wil ek dus sê dat ek beskou myself of enige mens nooit as volleerd ten opsigte van iets soos daardie nie, maar ek wil sê dat ek is oortuig daarvan dat daar nie veel is wat ek nog sal kan by leer nie. Wat ek wel natuurlik nog sal kan by leer is ŉ hele rits van tegniese name vir verskynsels en gebeurtenisse wat ek van bewus is, maar waarvan ek nie die name ken soos dit tipies gebruik word deur mense wat professionele redigering doen nie.

Are you saying that you understand the processes, all the processes and that the only limitation which you might have is that you would not know the exact technical name of the processes? -- Dit is hoofsaaklik waarop dit neerkom.

Why "hoofsaaklik"? -- Dit val in lyn met die vorige antwoord wat ek gegee het naamlik dat niemand ooit vol leerd kan wees nie. So, ek wil nie voorgee dat as ek al

... / die

die tegniese name ken, dat ek dan volleerd gaan wees nie. Daarom sê ek hoofsaaklik.

Let me remove the personal element and ask you the question this way. Is it correct that all other things being equal, the more the experience any person has in actual editing work, the better he is able to detect signs of editing and signs of tampering, any person now? -- Nee, ek kan dit nie aanvaar nie. My standpunt is dat dit baie belangrik is of ŉ persoon baie ondervinding het in pogings om sulke redigering op te spoor. Dit is ŉ heeltemal ander benadering as net die maak van die veranderings op die redigering self. So, ek kan nie aanvaar dat iemand wat net baie ondervinding het in die maak van veranderings, dit wil sê redigering, dat hy noodwendig ook baie ondervinding aan hê, baie goed sal wees in die opspoor van sulke redigeringspunte nie.

I am not saying that any experience in the detection of editing and tampering is unimportant. Let me put the question to you this way. Would you say that experience in detection work in relation to editing and tampering and experience in editing, actual editing would be equally important in producing a person who is able to detect editing and tampering? -- Nee, ek kan nie saamstem dat hulle ewe belangrik is nie. Ek hou vol daarby dat as mens in staat wil wees om redigeringspunte op te spoor, dan is dit die gebied waarin jy sal spesialiseer.

Would you say then that experience in detection work, If I can put it that way would be more important? -- Dit is korrek, ja.

Would it be correct to say that experience in editing work while not being equally important, are you prepared to

... / CONCEDE

concede that it is also important? -- Ek sal dit nie noodwendig stel as belangrik nie. Ek sal dit stel as nuttig.

If this experience is useful and I put it to you that the limitation or absence of such experience would be a significant factor as well? -- Dit kan wees. Daarby bedoel ek dit is moontlik dat dit kan wees. Dit is moeilik om te sê.

I want to put it to you that that is so. -- My antwoord daarop is dat die omstandighede tersake is uiters belangrik en ʼn stelling soos daardie kan nie sonder meer gemaak word nie.

But we were making this inquiry and I must remind you on the basis that all other factors are equal. -- Ek is bevrees ek verstaan nie die trant van die vraag nie. Dit is te wyd gestel.

HOF : Het u nie alreeds ʼn antwoord gekry nie?

MR YACOOB : Yes, I have got an answer.

HOF : Nou is u besig om met die getuie te stry. Vra vir hom ʼn ander vraag of stel die vraag op ʼn ander manier as u wil. Nou maak u net ʼn stelling teenoor hom.

MR YACOOB : You say that you have done work in connection with the detection of tampering at the instance of the police? -- Dit is korrek, ja.

And do you work on the basis that everything is alright with the tape recording which you get to examine unless you can find something wrong with it?

HOF : Is u uitgangspunt dat die band korrek is tensy u iets verkeerd kry daarmee of is u uitgangspunt dat die band fout is, dat daar iets verkeerd is daarmee en u moet dit vind? -- My uitgangspunt is meer waarskynlik gehel na die kant dat daar waarskynlik niks verkeerd is met die opname nie.

MR YACOOB : Why is that your starting point? -- Die rede daarvoor is velerlei. Die een is dat ek weet hoe moeilik dit is om veranderings aan 'n bandopname te maak sonder dat dit waargeneem kan word. Daar is min mense wat veranderings aan 'n bandopname sal kan aanbring - daarby moet ek sê min mense anders as professionele mense - sonder dat dit heel maklik waargeneem sal kan word. Die hoeveelheid professionele mense in die land is noodwendig beperk en daarom sal daar in die breë gesien nie baie mense wees wat 'n bandopname kan verander in enige opsig hoegenaamd sonder dat dit baie geredelik waargeneem kan word nie. So, die eerste aspek van daardie antwoord is dat die waarskynlikheid dat daar met 'n band gepeuter kan wees, is klein om mee te begin, net omrede daar nie baie mense is wat dit kan doen nie. Die tweede is dat die waarskynlikheid klein is net omrede dat die toerusting wat normaalweg beskikbaar is in die gevalle waarmee ek te doen kry, nie veranderings toelaat wat nie waargeneem sal kan word nie. 'n Volgende aspek het te doen met die manier waarop die polisie in die algemeen werk en daarby bedoel ek die eerbaarheidsaspek. Dit is nie normaalweg die doel van 'n polisieman om iemand valslik te probeer beskuldig nie. So, daarom sal dit nie normaalweg 'n polisieman se doel wees om valse getuienis teen 'n beskuldigde te fabriseer nie. Hy sal liewers probeer volstaan by beskikbare getuienis. Hierdie verskeidenheid van faktore in ag geneem, maak dat mens noodwendig baie selde te doen kry met bande wat op een of ander manier gewysig is. Daarom is die uitgangspunt dat 'n bandopname wat ek ontvang in alle waarskynlikheid nie enige redigering sal bevat nie, maar dit beteken natuurlik nie dat ek die band as gevolg van daardie houding minder deeglik analiseer nie, want die moontlikheid dat so iets teenwoordig

... / kan

kan wees bestaan en daarom moet daar deeglik gesoek word na enige aanduidings daarvan.

Do you have any personal knowledge of the qualifications of policemen who work in the field?

COURT : Qualifications in what respect?

MR YACOOB : Technical qualifications.

COURT : Technical qualifications in connection with tape recordings?

MR YACOOB : That is correct. -- Ja, ek het sekere kennis in dié verband.

Do you have personal knowledge today for example of the technical expertise in relation to tape recordings available in the police force in Durban? -- Nee, ek was nog nooit by hulle kantore aan nie. Ek het nie eerstehandse kennis daarvan nie.

And two of the tapes that you had to examine in this case originated in Durban. Is that correct? -- Dit kan wees. Ek weet nie. Ek kan nie daarop antwoord nie.

Do you have any personal knowledge of what the nature is of technical expertise is available to the police in Cape Town? -- Sekere dinge daarvan, ja, maar nie in volle besonderhede nie.

The police could have much more expertise available in Cape Town in relation to tape recordings than you imagine. Is that correct? -- Dit is moontlik, ja.

And you can accept it from me you might remember that one of the tapes which you analysed was of a meeting held at Claremont in the Cape? -- Ja, dit is reg.

Any personal knowledge of the expertise available in the Kimberley/Vryburg area to the police? -- Nee.

You are aware of course that one of the tapes or one of

... / the

the meetings of which there is an alleged recording is a meeting held at Huhudi near Vryburg? -- Ja, dit is korrek.

Do you have any personal knowledge likewise of the circumstances in Johannesburg? -- Ja, daarvan het ek heelwat kennis.

What is the extent of the technical expertise available in general terms? -- In Johannesburg is dit net soos ek verwag beperk tot baie eenvoudige dinge. Ek het heelwat kennis van die tegniese kundigheid en opleiding en toerusting wat die polisie se tegniese mense ontvang en dit is gebaseer op kontak met die tegniese hoofkantoor. Ek het ook ondervinding van die soort tegniese kennis wat mense wat in die veld - wat veldkantore beman, ek moet liewer sê takkantore beman, het en dan implisiet kennis van die tipe van toerusting wat hulle normaalweg verkry via hoofkantoor. Dus al was ek nog nooit persoonlik by die tegniese takkantore op Kimberley of in Kaapstad of in Durban nie, dan weet ek uit ondervinding met ander soortgelyke takkantore dat hulle maar almal van 'n sekere standaard reeks toerusting gebruik maak en daarom weet ek dat die vermoë om sulke redigering te sou kon doen beperk is.

It is possible that all these offices would have for example the Uher 4000 machine tape recorder? -- Ja.

It is also very possible that the police could easily have at their offices the NAD 6140 tape recorder? -- Dit is moontlik.

And it is also possible that the police could have the Sanyo TRC 8700 tape recorder? -- Ja. Ek moet hier sê in verband met die vorige wat gevra is, NAD 6140, dit is 'n kasset-bandspeler. Hulle word normaalweg nie verskaf aan die polisie nie, maar daar is uitsonderlike gevalle

... / waar

waar so iets beskikbaar kan wees. So, daardie modelle kan slegs by uitsondering beskikbaar wees. Die ander wat genoem is, die Sanyo TRC 8000, daardie spesifieke een was ook nie op ŉ groot maat aangekoop nie, maar die ander model, die 8700 is wel een wat op ŉ taamlike groot skaal beskikbaar gestel is.

And the exceptional circumstances to warrant the purchase for example of an NAD 6140 tape recorder would be determined by the person in charge of a particular section of the police force at a particular place in terms of his discretion and you would have no knowledge of that.-- Dit kan wees, ja.

You describe a particular machine, this is just for clarity, a particular tape recorder variously in your report as the Sanyo TRC 8700 and at other times you describe it as a Sanyo 8700. Is there any difference between those two or not? -- Nee, dit is net ŉ geval van die TRC het weggeraak.

The police force is a very large one in the country. Is that right? -- Ja, dit is reg.

And that amongst policemen like amongst human beings you find people with weaknesses? -- Dit is korrek, ja.

And the weaknesses like dishonesty do not necessarily show themselves in the proportion in which they in fact exist in the police force? -- Dit is moontlik. Ek kan nie vir seker daarop antwoord nie.

So, that it is possible that even if there are hundred out of every thousand dishonest policemen, that more than 10% of the tape recordings that you would get, would be tampered with? It is possible? -- Ja, ek dink ek kan net antwoord nee. Ek kan dit nie so aanvaar nie.

Why not? -- Die parellel word hier getrek tussen

... / persentasie

persentasie moontlik oneerlike polisiemanne en daarom direk oorgevat na die persentasie moontlik vervalste bandopnames en die stelling word gemaak dat as daar 10% oneerlike polisiemanne is dan - wat bekend is - sal daar waarskynlik meer as 10% wees wat onbekend is en daarom sal daar meer as 10% van die bandopnames wees wat ek ontvang wat verander sal wees, vervals sal wees en daardie verband het vir my heeltemal geen sin nie. 'n Mens kan geensins eerlikheid tussen polisiemanne in geheel in verband bring met bandopnames se vervalsing nie.

On the assumption that there were 10% of policemen who were dishonest, I am not putting that to you as a fact, the position is that the percentage of tapes which would eminate from this dishonest conduct would be less than 10% or could be more than 10%. It would bear no relationship to the 10%. Do you agree with that?

MNR. JACOBS : Ek dink net mnr. Yacoob se vrae begin nou onbillik word in die opsig dat hy sonder om 'n basis te lê vrae aan die getuie stel om te kom op die oneerlikheid van die polisie. Hy sê - dit gaan bloot net oor spekulasie op die oomblik en nie oor die feite nie.

MR YACOOB : The only proposition which I am trying to establish is that even if there a few honest people, you cannot them jump to the conclusion that you will have very few tapes eminating from such dishonest people.

COURT : Why do you want to establish that from this witness? Can I not make my own logical conclusion?

MR YACOOB : As Your Lordship pleases. The witness's failure to concede to a straight logical proposition would also be something which Your Lordship should take into consideration.

COURT : It was not a logical proposition you put to him initially. It was very unclear I would say.

MR YACOOB : Any way, would it not have been better, more scientific if you began examining the tape recordings in a neutral frame of mind on the basis that you do not know whether these tapes had been tampered with or not until you have looked at them or until you have looked at them properly? -- Daar is in dié opsig nou verskeie dinge wat van belang is. Die een is ŉ mens se houding, jou wetenskaplike benadering teenoor die analise en die ander een is jou benadering teenoor wat jy verwag om te vind. My benadering teenoor die manier ek die wetenskaplike analise doen, is sekerlik neutraal georiënteerd, maar die ondervinding het my geleer dat daar so min gevalle van redigering op bande voorkom, of die soorte bande waarmee ek te doen het, dat ek normaalweg verwag dat ek nie so iets gaan vind nie. So, daardie twee aspekte is geskei van mekaar. Die feit dat ek ŉ goeie vooruitskatting kan maak van wat die resultaat sal wees gebaseer opondervinding beteken hoegenaamd nie dat ek daardie selfde benadering toepas in die manier waarop ek my analise doen nie. Om die waarheid te sê die teenoorgestelde is juis waar dat wanneer ŉ mens sulke analises doen, dan probeer jy altyd hoe beter - altyd beter en beter maniere en kunsies en ander dinge toepas om sulke moontlike redigeerpunte. ŉ Mens probeer jou vermoë verbeter en daarom is dit elke keer ŉ uitdaging wat ŉ mens in die gesig staar en daarom word so iets nie benader met die verwagting dat daar niks gevind sal word nie.

I want to suggest to you that your expectation would subconsciously, not necessarily consciously, affect the nature and intensity of your investigation? -- Dit kan in

... / sommige

sommige gevalle waar wees, maar ek kan u verseker dat in die geval waar ons in hierdie hofsaak mee te doen het, is dit sekerlik nie waar nie.

I want to suggest to you if it was subconscious you would not be aware of it? -- En ek sal daarop antwoord dat in ŉ geval soos hierdie hofsaak waar dit vooraf bekend was dat daar sterk verdediging gaan wees in hierdie saak, dat ŉ deskundige geroep sal word aangaande die bande, dat in ŉ geval soos hierdie was dit sekerlik nie eers onbewustelik my verwagting nie. Ek het objektief en baie deeglik te werk gegaan in my analise.

Are you saying perhaps that you were more careful in this case because there was going to be a strong defence than you would have been in others? -- As ek nou hierdie geval kan vergelyk met die Pietermaritzburg geval, dit is die enigste twee wat werklik met mekaar vergelyk kan word, dan kan ek sê dat die manier waarop rekord gehou is van enigiets wat gevind is, die notas wat gemaak is daarvan en die besonderhede wat van sulke plekke neergeskryf is en nagespoor is, was baie meer volledig gedoen.

HOF : Hier of daar? -- In hierdie geval. Die analise self is op baie dieselfde manier gedoen. Dit is dus net ŉ kwessie van hoe deeglik die waarnemings genoteer is en dit is in hierdie geval baie, baie beter gedoen.

MR YACOOB : Apart from the way in which you kept your records would you say that your approach to the case would have been the same before and after the Pietermaritzburg case? -- Ja, ek dink so.

And are you saying that because there was to be strong defence in this case in your view and there was less chance of any subconscious bias on your part in favour of the police?

-- Ja.

Are you also saying that because of the experience in the Pietermaritzburg case you are much less likely to have missed anything on the tape recordings which you have done? -- Wanneer? Nou in hierdie geval of in die vorige geval?

Now? -- Ek dink nie in een van die gevalle sou ek dit gemis het nie maar in dié geval, die kanse dat ek iets nie sou genoteer het nie, is baie minder.

From looking at ABD(1) I notice that all the tapes were received by you at any rate before 21 October 1985 and were in fact returned to the police on 21 October 1985. Is that correct?

HOF : Waar moet ons kyk?

MR YACOOB : Each of the tapes are separately dealt with and Your Lordship will find under each section, for example the first tape dealt with is the Luthuli Memorial and going down that analysis Your Lordship will find that on 21 October it was handed over to Sergeant Van der Merwe. In fact in respect of each of the tapes. The next one is Mitchells Plain at about the middle of page 2, Krisch Rabilall Meeting, that Your Lordship will find at page 4 at about the same sort of place, the Huhudi meeting on page 5, again I would imagine at about the same place or positioning on the page.

HOF : Ja, u hoef nie verder te gaan nie. Ek sien dit. Dit verwys na dat u aan sersant Van der Merwe die bande teruggegee het op 21 Oktober 1985. -- Dit is korrek.

Wat is dan die vraag?

MR YACOOB : Does that mean that you have completed your investigation in respect of all those tapes and that is the reason why the originals were in fact returned to Sergeant Van der Merwe on 21 October 1985? -- In baie van hierdie

gevalle, in meeste van hierdie bande wat hier ter sake is, het ek nie op daardie stadium enige analise gedoen aan die bande nie. Ek het slegs heropnames gemaak van die - van meeste van hierdie bande. Die analises is na die tyd gedoen nadat ek dit weer ontvang het.

MR YACOOB : Why were all these tapes then returned to Sergeant Van der Merwe on 21 October 1985? -- Omdat hulle vir my daarvoor gevra het. Ek vermoed op daardie stadium was daar sprake dat die bande almal in Pietermaritzburg gebruik sou word.

Do you think that these tapes were to be used in Pietermaritzburg without you having analysed it? -- Ja, daar was verskeie van die bande wat by ooreenkoms en weens praktiese omstandighede daar geen analises op die bande gedoen is nie.

Is it possible for you to extract information about which of those tapes you had already analysed before 21 October and which not? -- Nee, ek kan nie daardie vraag antwoord nie. Ek het wel sekere werk gedoen aan die Krisch Rabilall band.

It would be very unfair to let you answer this question relying on your memory. What I really want to know is, do you have access to information,written information from which one would be able to determine this accurately? -- Ek het dit in my kantoor. Ek het dit nie hierso by my beskikbaar nie. Ek sou deur 'n paar jaar se dossiere kan naslaan om te sien presies watter van die goed ek alreeds voorheen werk aan gedoen het.

I would imagine that you would have a separate dossier or file in respect of each tape which would tell you what you have done in connection with it and when you have done it? -- Ja, maar meer as dit, nie net vir elke band nie, ook vir elke keer wat die band ontvang is vir een of ander spesifieke

... / rede

rede.

Do you recall who from the police force asked you to return these tapes on 21 October 1985? -- Ek het dit iwers neergeskryf . Ek dink dit was òf majoor Abrie of wat nou kolonel Abrie is of kaptein De Beer.

Did you say to them that you had not analysed most of these tapes and that you should have more time to analyse them? -- Nee. Ek dink die - u verstaan verkeerd hierso. Verskeie van die bande insluitende dan meeste van dié wat hier is, is na my toe gebring oorspronklik nie met die doel dat ek die analiseer nie, maar slegs met die doel dat ek daarvan heropnames moet maak.

Would it be possible for you to determine again precisely which tapes were brought to you simply for copying in the first place and later for analysis and which not? -- Ja, dit sal ek kan nagaan, maar ek sou op 'n later stadium moet terugkom met die antwoord. Ek het nie die gegewens hier by my nie.

I would imagine that a number of questions would arise in this cross-examination which would necessitate your looking at your notes and it might be a good idea for you to have them at court so that you can refer to them.

HOF : Dit is miskien 'n bietjie moeilik. Dan sal u die kruisondervraging miskien in sy kantoor moet gaan doen.

MR YACOOB : To the extent that it is possible. -- Ja, dit is die rede waarom ek die saak oorweeg het en besluit het dat dit is nie die moeite werd om so 'n vrag dossiere hier in die hof in te bring nie, want die tyd wat spandeer sal word om te soek deur die dossiere om 'n spesifieke vraag te antwoord, maak dit heeltemal onredelik.

You got then all these tapes back again on 21 April.

. . .

Is that correct? -- Dit is korrek, ja.

And if you look at all ABD(1) you will find that they are on different pages under different tape headings.

HOF : Dit is nou April 1986? -- April 1986.

21 April? -- Dit is korrek.

MR YACOOB : Did you get them back at your request or in what circumstances did you get them back together again? -- Ek het hulle teruggekry omdat ek versoek was om die bande te analiseer vir die doel van hierdie huidige hofsaak.

And that was after you had been cross-examined in the case in Pietermaritzburg? -- Ek kan nie onthou op watter stadium dit was nie. Dit was terwyl ek besig was met die Pietermaritzburg saak.

Would you began your work on these tapes after you had finished in Pietermaritzburg? -- Dit is korrek, ja.

And when you began work on these tapes again, you would in fact have known by then the importance of note taking? -- Ja, dit is korrek.

And of course you would have understood the importance of assuring that your notes were in an accessible form? -- Dit is korrek.

Therefore, would it be correct to say that in respect of the tapes which you have analysed after 21 April in connection with this case the notes would be full and accessible? -- Ja, sekerlik.

And would those notes therefore relatively be easy to get to court? -- Daardie notas is ingehandig in die hof. Dit is nie die oorspronklike wat ek geskryf het wat ingehandig is nie, natuurlik, maar die oorspronklikes is verwerk seker te maak dat daar so min as moontlik foute in is, om die taal en die stellings ensovoorts reg te kry. So, dit wat hier

in die hof ingehandig is as bewysstuk ABD(6), die verskillende dele, dit beskou ek as my notas vir hierdie analise van die bande.

Does ABD(6) represent all your notes of your analysis? -- Ja, dit is korrek. Dit verteenwoordig nie noodwendig alles wat ek ooit neergeskryf het nie, maar dit verteenwoordig alles wat ek na die tyd met hersiening besluit het wat die moeite werd is om neergeskryf te word.

But you would have available then an original set of notes compiled after 21 April which would contain more information than the ABD(6) SERIES contains? -- Ek het ander notas, handgeskrewe notas, maar nie notas wat meer inligting bevat nie.

But your original note would have in it things, let us leave out the word information, that you would have left out of the ABD(6) series? -- Ja, en daar is ook gevalle waar die ABD(6) reeks goed in het wat nie in my oorspronklike notas is nie.

Correctly so in respect of tapes which you analysed after 21 April 1986? -- Ja.

But I thought you said that after your experience in the Pietermaritzburg case, you now made full notes of what you had in fact done when you did it? -- Dit is korrek, ja, maar dit moet duidelik verstaan word hier dat ʼn volledige analise bestaan nie daaruit dat ʼn mens net een keer die band deurgaan nie. Die eerste keer wat ʼn mens die band deurgaan word daar sekere notas geneem. Dan word die band nog een of meer kere nagegaan. Afhangend van wat ʼn mens gevind het en afhangend van of mens sekere aspekte weer wil gaan bestu-
K419 deer en weer wil gaan bekyk en daarom is die notas van die analise die finaal geredigeerde weergawe van my notas,

die hersiene notas en dit is die notas wat in die hof beskikbaar gestel is.

As I understand it, however many times you have listened to the tape recording, each time you listened to it you would make notes? -- Nie noodwendig nie, maar dit kan gebeur. Dit is gewoonlik so dat elke keer wanneer daar - wanneer die band weer geanaliseer word, dat nuwe notas gemaak word, sommige van die oues verander word ensovoorts. Mens kan nie help om menslik te wees nie. Ek in ieder geval kan nie help om menslik te wees nie en daarom vind ek dikwels dat ek die eerste keer foute maak. Ek skryf ŉ verkeerde tellerlesing neer of ek beskryf ŉ verskynsel op een plek wat op ŉ ander plek moet kom en daarom is dit nodig om die goed na te gaan en seker te maak dat alles korrek is.

When you would have compiled EXHIBIT ABD(6), you would have had before you a whole set of original notes and this would have been at the end of your investigation. Is that right? -- Nee, in baie gevalle is die notas progressief verwerk soos wat ek gegaan het. Ek het nie toe ek die finale weergawe van ABD(6) voorberei het, gesit met al my oorspronklike notas nie.

What did you sit with at that stage? -- Ek het gesit met die vorige weergawe plus veranderings.

Die vorige weergawe van wat? -- Die vorige weergawe van ABD(6) en die verskeie afdelings daarvan plus veranderings. Ek kan miskien hier verduidelik. Die inligting soos dit hier gedruk is in ABD(6) is ingesit in ŉ woordverwerker en telkens is die inligting uit die woordverwerker uitgetik op papier en dit is dan gebruik wanneer die band ŉ verdere keer geanaliseer is en veranderings of wysigings is dan aan daardie stuk notas aangebring.

Is the position then that there would be no record of any amendments which would have been made to your notes after they had been fed into the computer or word processor? -- Ek verstaan nie daardie vraag baie goed nie. Sekerlik my oorspronklik geskrewe notas - papiergeskrewe notas sal nog iewers beskikbaar wees en in meeste gevalle die tussen kopieë met hulle wysigings daarop sal ook nog iewers in die dossier lê.

Would you have kept no record for example of the dates on which you did certain things? -- In sommige gevalle, nie in alle gevalle nie.

How did you decide when to keep it? How did you decide when to keep a record of the date and when not? -- Van watter datums praat u nou?

I am talking now of your work after 21 April 1986?

HOF : Praat u van analises?

MR YACOOB : Yes. -- So, met ander woorde, u wil weet op grond waarvan het ek besluit wanneer moet ek nota hou van die datum waarop ek 'n sekere wysiging of verandering of analise gedoen het?

That is right. -- Ek het dit nog nooit nodig gevind om na die tyd te weet presies wat die datum is waarop ek 'n sekere analise doen nie en daarom - ek kan ook nie sien dat dit in hierdie geval belangrik is nie - is dit glad nie standaard prosedure om 'n datum by te skryf by elke item of elke verandering of by elke nota wat gemaak word nie. Omdat ek daarvan hou om redelik juis te werk te gaan - ek soek nou na die regte woord wat ek hier kan gebruik, ek hou daarvan om "meticulous" te wees.

HOF : Akkuraat? -- Akkuraat miskien.

Puntenerig? -- Puntenerig. As gevolg daarvan is dit 'n

gewoonte om nou en dan datums by te skryf by van my notas. Die idee daarvan is meer om miskien in latere jare te kan terugverwys na byvoorbeeld ŉ maand of ŉ jaar waarin ŉ sekere ding plaasgevind het of ŉ sekere gebeurtenis gedoen is.

MR YACOOB : Are you saying that you would make note of the date now and then which is likely to be of historical purpose? Which you would need to look at in the future to work out what happened in the past, matters of importance which took place in the past. Is that what you say? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Dit lyk my ek sukkel om myself uit te druk hierso., Die rede waarom ek die datum neerskryf is nie omdat ek dink dat die stuk ding wat ek nou analiseer van historiese belang gaan wees nie. Die rede waarom ek ŉ datum neerskryf is bloot omdat dit ŉ gewoonte is by my om nou en dan wel ŉ datum neer teskryf op wat ek ook al doen, of dit nou belangrik is en of dit nou nie belangrik is nie.

My difficulty is that writing out a date now and then is actually inconsistent with accuracy or meticulousy?

COURT : Why is that relevant, Mr Yacoob? The purpose why this witness is called is to give us the result of the analysis of certain tapes. Whether he did that on a particular day or over the course of a week or over the course of a month, it does not at this particular date seems to me relevant unless you are saying that inbetween, from the time he started, till the time he finished, this tape was tampered with.

MR YACOOB : I am not saying that. All I am trying to demonstrate, as will appear at the end of the cross-examination, is that the witness did not go to work in a particularly scientific fashion.

COURT : Have you always on each draft of each opinion that

you have donbe put a date? I have not?

MR YACOOB : When I conducted a scientific experiment in matric I certainly did, but the problem is what you are doing. If you are conducting an experiment in a scientific way, and there is a certain process and a certain procedure and there is just a beginning of indicating that this witness did not go to work as a scientist normally does.

COURT : You can address me and the rest of the court on this later. You have now established that he did not put dates on each and every piece of work that he did.

MR YACOOB : I am now trying to establish how did he determine and this is the whole question of the logicality of the witness's mind how he determined when would he make a note of the date and when not. All I am trying to establish is ... (Court intervenes)

COURT : He has told you that the date was not relevant to him. At some stages he might have put a date on because that is his habit, not because he had any purpose in it. That was his answer. You can call him unscientific, but on that you can address us later.

MR YACOOB : Do you accept that you cannot say why on a particular occasion you wrote the date down and why you did not on the analysis? -- Ek sal graag net hier ŉ paar opmerkings wil maak oor hierdie kwessie van onwetenskaplikheid en datum en so aan. U weet, ek werk al baie jare saam met wetenskaplikes. Ek doen al vir baie jare navorsing en ek het nog nie een wetenskaplike gekry wat by elke stuk ding wat hy doen, elke analise wat hy doen, ŉ datum skryf nie, maar ek het nog elke keer gekry dat ŉ wetenskaplike, wanneer hy ŉ verslag opstel oor werk wat hy gedoen het, dat hy dan ŉ datum daar sal skryf wat sal aandui wanneer daardie werk voltooi is.

... / Met

Met ander woorde, iewers sal daar 'n rekord wees om na die tyd te kan sê wanneer die werk gedoen is, maar dit is sekerlik geensins 'n voorbehoud dat wetenskaplike werk slegs gedoen kan word indien 'n persoon van elke ding wat hy doen die datum neerskryf nie. Dit is vir my sinneloos en belaglik om eers so 'n voorstel te kan hoor.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Behalwe as hy wil bepaal hoe lank gaan dit vat vir boontjiesaad om te ontkiem? -- Ja, daar is natuurlik sekere gevalle waar tyd 'n baie belangrike faktor is en waar 'n mens sekere dinge sal notuleer, sekere tye sal notuleer.

MR YACOOB : Is it correct that you cannot say now, I want to repeat the earlier question, why on some occasions you would record it and why on others you would not? -- Ja, ek kan dit nou sê en ek het dit reeds gesê, maar ek kan dit weer herhaal. Miskien het - was die antwoord nie duidelik gewees nie. Miskien was die verduideliking van die bank af ook nie voldoende nie. Ek het gesê dat ek van tyd tot tyd datums opgeskryf het omrede dit my gewoonte is om van tyd tot tyd datums op te skryf.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, nog onder eed

CROSS-EXAMINATION BY MR YACOOB (continued) : Did you listen to all the tapes involved in this case? -- Ja.

Did you consult with anybody after you had listened to the tapes in regard to any problems that you found there? -- Wel, my assistent, luitenant Joubert, het met my saam gewerk en baie van die aspekte het ons saam bespreek. Die groot doel daarvan is vir opleiding vir luitenant Joubert.

Did you consult with anyone else in connection with the

... / problems

problems which you may have found on any of the tapes? -- Tegniese aspekte van die bande, nee. Daar het ek met niemand gekonsulteer nie.

Other aspects? -- O, daar is sekere aspekte waaroor ꞌn mens altyd met ander mense konsulteer. Ek dink nou byvoorbeeld aan die maak van die foto's vanaf die ossilloskoop. Daar het ek gekonsulteer met ons fotograaf net om sekere dinge helder te kry en sekere dinge uit te sorteer om seker te maak dat ꞌn mens die beste resultate kry. By sekere van die plekke waar die rekenaar of die woordverwerker gebruik word, is dit van tyd tot tyd nodig om met iemand anders te konsulteer oor watter skryf gebruik sal word.

Did you consult with the police about the problems that you found with the tapes at all? -- Met die polisiebeamptes wat te doen gehad het met die opnames, ja, ek het met van hulle gekonsulteer daaroor.

Did you consult with some of the people who in fact made the tapes? -- Ja.

Would that be for the purpose of finding out whether they had any explanation for certain of the oddities which you have found on the tapes? -- Dit is korrek, ja.

In relation to reel-to-reel tapes you say that you used the Uher 4000 tape recorder on the basis that the Uher 4000 would have been used for the recording. Is that right? -- Dit is korrek.

The Uher 4000 is a reel-to-reel two track tape recorder. Is that right? -- Ja, dit is meer korrek om te sê halfspoor of "half track"-

Does that mean that you put the tape into the recorder and when it is moving in one direction, it records one half

... / of

of the tape and you turn it over and it will move in the other direction and the tape head would in fact record on the other half of the tape? -- Dit is korrek. Daar is Uher masjiene wat gelyktydig altwee helftes kan opneem, maar dié wat die polisie gebruik neem slegs een helfte op in een rigting en die ander helfte in ŉ ander rigting.

Is it correct that they are also, what I call four tracks and you would probably call a quarter track tape recorders? -- Ja, dit is korrek.

HOF : Wat beteken dit presies? -- By kwartspoor beteken dit dat elke kanaal van inligting gebruik net ŉ kwart van die wydte van die band. Daar kan dus vier bane van inligting op die band verskyn. In meeste gevalle sal dit wees twee in een rigting en dan twee in ŉ ander rigting.

MR YACOOB : Do you have a four track reel-to-reel machine available to you in your laboratory? -- Ja, ek het.

Did you conduct any test on the single reel-to-reel tape involved in this case in order - on the four track reel-to-reel tape recorder? -- Nee, ek het nie.

Do you agree that the best way to determine whether your recording was made on a half track tape recorder or on a quarter track one would be to put the tape and play it back on a quarter tape recorder? -- Nee, ek stem nie saam dat dit die regte manier is nie.

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. Dit word aan u gestel dat die beste manier om vas te stel of dit op ŉ halfspoor of ŉ kwartspoor opgeneem is, is om dit terug te speel op ŉ?

MR YACOOB : Op ŉ kwartspoor.

HOF : U sê dit is nie noodwendig die beste manier nie? -- Nee, dit is glad nie.

... / MR YACOOB

MR YACOOB : Let us assume that a tape recording is made on a single quarter track of a tape, when you play that back on a half track tape recorder, you would not know easily, would you, whether only a quarter track or whether half the track has been recorded on? -- Ja, daar is die situasie dat as 'n mens met 'n halfspoor masjien of halfbaan masjien luister, dan sal twee van die moontlike bane van 'n vierspoor masjien gelyktydig beluister word. Die twee bane loop in verskillende rigtings. In die sin dat as al vier bane vol opgeneem sou gewees het, dan met terugspeel op 'n halfspoor masjien sou 'n mens twee bane kry waarvan die inligting in verskillende rigtings opgeneem is. Die een baan sal musiek of spraak in die normale volgorde laat deurkom, maar die ander baan sal musiek of spraak agterstevoor speel.

HOF : Maar jy hoor albei gelyk? -- Maar hulle word albei gelyk gehoor.

Dit is 'n onmoontlike mengelmoes? -- Ja, daar sal 'n mens nie veel sin uitmaak nie.

Kan ek net duidelikheid kry. Op 'n kwartspoor, dit is op 'n vierspoor baan, as 'n mens nou van links na regs en van onder na bo tel, is dit die onderste een van links na regs en die volgende een van regs na links en die volgende een weer van links na regs en die ander een weer van regs na links. -- Ja, dit is die situasie wat geld vir rol-tot-rol bandmasjiene.

Is dit altyd so? -- Dit is met vierspoormasjiene wat 'n mens kan omdraai in 'n rigting, is dit altyd so. Ek het nog niks anders gevind nie. Daar is sekere ander uitsonderings. Daar is gevalle waar masjiene gemaak word wat vier spore opneem in een rigting. Dan is dit vier verskillende kanale

... / wat

wat gebruik word in een rigting en daar as ŉ mens dit speel word die band nie omgedraai nie. As jy daardie selfde masjien in ŉ ander mode sou gebruik waar dit gewone twee kanaal stereo is, werk hy weer eens soos ons nou so pas verduidelik het, alternatiewe kanale.

MR YACOOB : But I was asking you about the situation where only one quarter of the tape is recorded on. In that situation, because only quarter or only one track of the four tracks on a tape have been recorded on, you would not get sounds going in the opposite direction. -- Dit is korrek. As daar niks anders opgeneem is op die band nie.

What about determining in that situation whether a quarter track or half track machine had been used in making the recording? -- Dit is vir die doel van hierdie analise eerstens nie essensieel om te weet of daar ŉ kwartspoor of ŉ halfspoor gebruik was - masjiene gebruik was om die opname mee te maak nie. In so ŉ geval sal die analiseresultaat presies dieselfde wees en is dit dus irrelevant om daardie aspek te ondersoek.

Quite apart from whether it is relevant or not, we will go into that in a moment, in the situation where only one quarter of a tape is recorded, do you agree that the only effective way in which you can find out whether a quarter track or a half track machine was used was to conduct - would be rather to conduct a very simple test on a quarter track machine? -- Miskien weet u baie meer van bandopnames as wat ek weet, maar daar is toetse wat ŉ mens kan doen, sekerlik nie wat ek onder daardie omstandighede as eenvoudig sou beskryf nie.

The proposition I am putting to you is that the best way, the most effective way of determining whether a half

... / track

track or a quarter track tape recorder had been used in making the recording in the situation where only one quarter of the track is recorded on, would be to play it back on a quarter track machine. -- Nee, dit is heeltemal die verkeerde benadering en as u wil sê dit is die beste metode om dit te doen, dan duidelik verstaan u nie waarom dit gaan nie.

Will you please tell the Court in the situation where only a quarter of the track has been recorded on a reel-to-reel tape, how you would determine whether it was recorded on a quarter or half track machine? -- Die beste manier as ŉ mens wil vasstel of ŉ band opgeneem is met kwartspoor masjien of met ŉ halfspoormasjien is om gebruik te maak van ŉ tegniek waar daar ŉ sekere poeiermengsel oor die band gevryf word waarvan die poeier dan sal agterbly op dele wat wel opgeneem is op die band en by verdamping van die vloeistof waarin die poeier gedra word, bly die spore wat opgeneem is, die baan wat opgeneem is dan oor as duidelik sigbare strepe. Dit is die beste manier.

But you could easily put the tape into a quarter track tape recorder and by playing the track separately you would know that the recording has been made only on one quarter of the recording, because on a quarter track machine you can play each of the quarter tracks separately. -- Dit is nou waar die misverstand inkom. Dit is duidelik dat hier nie begrip is vir wat met kwartspoor en halfspoor bande gebeur, vir rol-tot-rol bande nie. Vir kassetbande sou dit nog redelik waar wees. Vir rol-tot-rol bande is dit geensins waar nie. Op ŉ vierspoor masjien word daar slegs twee kanale op ŉ slag opgeneem en slegs een van hulle is in die een helfte van die band. Daar is dus geen manier hoe ŉ

... / mens

mens met 'n gewone vierspoor masjien die twee kanale wat op die een helfte van die band lê gelyktydig kan beluister deur maklik oor en weer te skakel nie. 'n Mens kan dit wel doen deur 'n meer komplekse tegniek van in die een rigting te luister op die een kanaal, dan die band om te draai en dan te luister na die ander kanaal. Op dié manier kan 'n mens dit wel vasstel.

<u>HOF</u> : Waar 'n mens 'n vierspoor band het, neem jy altyd twee spore gelyk op van die band of kan jy een spoor van die vierspoor band opneem? -- Gewoonlik kan 'n mens selekteer. Of sal ek sê baie bandmasjiene gee jou die fasiliteite om te selekteer sodat 'n mens slegs een van die bane kan opneem.

<u>MR YACOOB</u> : And because you actually cannot listen to - you do not have access when using a four track tape recorder to the two separate tracks which would be recorded simultaneously on a monotape recorder while the tape is moving in one direction. By the same token then, you would not pick up speech going in the other way either while the tape is moving in that direction? Is that right? -- Kan u net weer daardie ding stel dat ons net duidelikheid kry daaroor. Ek is nie heeltemal duidelik presies wat u bedoel nie.

In your evidence just now you were saying that when the tape, a reel-to-reel tape moves in one direction, both the quarter tracks which are accessible to you at that time are not both the quarter tracks which would together make up the half track which would be recorded simultaneously on a half track machine. Do you understand that? -- Dit is korrek, ja.

Therefore, if both the quarter tracks had been used on a four track machine, let us say side A of the tape, when

you transfer that to a monotape recorder or what one calls the half track tape recorder, the half track that will be taken up while the tape is running in one direction would consist only of a quarter of the track which had been recorded while the tape was moving in that direction in the four track tape recorder. Is that right? -- Dit is nou ŉ kwessie van speel met woorde, want dit raak so gekompliseerd, ŉ mens moet jou woorde so korrek kry om te verstaan wat presies bedoel word en wat presies gesê word, maar ek dink dat uit die woorde wat hier gebruik is, is die vraag vir my so dubbelsinnig dat ek u liewers gaan versoek om dit op ŉ ander manier te stel.

Let us give the track numbers. That would be the easiest way of making it clear. Let us take a quarter track tape recorder and as I understand it the tracks are called 1, 2, 3 and 4 in that context. Is that right? -- Dit is korrek, ja.

On side A of a tape and this is using a four track tape recorder, which tracks would you have access to? Either for recording or for play-back, what numbers of tracks? -- Nou is dit weer ŉ kwessie van woorde. Side A, daarmee word geïmpliseer die een rigting, terwyl die band in een rigting loop en dit is nie die een helfte van die band nie. Dit is die totale band wat beskikbaar is, maar dit is die een rigting wat gebruik word, dan sal in die eerste rigting tracks nrs. 1 en 3 gebruik word. Met ander woorde ŉ kwart op die een helfte, die eerste kwart, die volgende kwart sal oop staan, die derde kwart word weer benut en die vierde kwart sal weer oop staan.

And tracks 2 and 4 in the other direction? -- Dit is korrek, ja.

... / Let

Let us get to a half track tape recorder. As far as that tape recorder is concerned, on the basis that you give the same part of the tape the same track number as we gave before, which tracks of the tape are used when the tape moves in one direction? -- In die geval van ŉ halfspoor sal ŉ mens kry dat wat ons voorheen genoem het bane 1 en 2 saamgebruik sal word in een rigting en bane 3 en 4 saam gebruik sal word in die ander rigting.

HOF : Is daar dan vier bane? Is daar nie net twee bane nie? -- Ja, daar is dan net twee bane en in der waarheid die posisies van die bane stem nie heeltemal ooreen presies met die volle 1+2 nie. Daar is klein verskilletjies, maar daar is tog ŉ groot mate van oorvleueling. So, in dié geval dek ŉ mens die gebied, kan ŉ mens sê wat andersins beslaan sou word deur bane 1 en 2 op ŉ kwartspoor masjien.

Dek jy met jou halfspoor? -- Dek ŉ mens met die halfspoor, maar dit is net een gedeelte wat opgeneem word.

MR YACOOB : I understand that when a reel-to-reel recording is made you would test on a Uher tape recorder, because you would think that a Uher tape recorder would probably have been used by die police in making the recording. Is that correct? -- Ja, wel, dit is nie die enigste rede nie. Dit is omdat die Uher bandmasjien wat ek het die enigste een is wat gerieflik teen daardie lae spoed werk waarteen die opnames gemaak is. Met ander woorde, dit is nie ŉ beginsel dat ek gebruik die bandmasjien wat noodwendig gebruik is om die iopname mee te maak nie. Die beginsel is ek gebruik ŉ bandmasjien wat gerieflik is om die analises op te doen.

I note from your report that you in fact used the NAD 6140 tape recorder for the analysis of some of these

... / tapes

tapes and that you used the Sanyo 8700 for playing back and testing others of them? -- Dit is korrek, ja.

Why did you use those tape recorders in particular? Did you make a particular choice apart from the fact that they were cassette recorders? Were there other factors which you took into account in chosing which tape recorders to use in each instance? -- Nee, dit is gewoonlik net ŉ kwessie van watter bandmasjien is beskikbaar op enige spesifieke oomblik. Daar is sekere gevalle waar ŉ spesifieke bandmasjien op ŉ sekere stadium gebruik sal word byvoorbeeld wanneer ek ŉ rede het om te glo of agter kom dat die opname op kassette, dit is nou kassetbandmasjiene wat hier van gepraat word, in stereo gemaak is. Dan sal ek noodwendig moeite doen om die toetse te doen met ŉ stereo bandopnemer. Andersins is dit gewoonlik net ŉ geval van ŉ bandmasjien wat beskikbaar is en wat gerieflik is om te gebruik. Daar is geen - daar is normaalweg geen ander oorwegings wat tersake is nie.

Is either of the NAD 6140 or the Sanyo 8700 a stereo tape recorder? -- Ja, die NAD 6140 is wel ŉ stereo kassetspeler.

Is it possible - do I understand then that the Sanyo 8700 is not a stereo tape recorder, but that it is in fact a half track mono? -- Dit is korrek, ja.

Can you recall whether in this particular case in the instances where you in fact used the NAD 6140, whether it was just available or whether in fact you used a stereo recorder because you found it necessary? -- Nee, ek weet in hierdie geval van al hierdie bande dat dit bloot ŉ geval was van beskikbaarheid.

Do the police have stereo tape recorders available to

them? -- Ja.

How would you know whether the tape recording has been made on such a stereo tape recorder or not? -- Wel, sover dit kassetbande aangaan het ek nog nie een kassetband gekry wat 'n stereo-opname is van die polisie af nie.

So, you never had the occasion where you had to use a stereo tape recorder because it was necessary to do so? -- Nee.

While working for the police? -- Dit is korrek, ja.

But my question still remains. How would you know whether the recording has been made on a stereo tape recorder or not? -- Die normale manier om dit vas te stel is deur die band te speel op 'n stereo bandspeler en te kyk na die sterkte van die twee wat van die twee kanale af kom op die digitale aanduiders, die liggies wat flits op die masjien self en ook daarna te luister. 'n Mens kan gewoonlik deur te luister en deur te kyk baie gou vasstel of die opname op 'n stereo sisteem gemaak is of nie.

Have you done this in any instance where you had to examine tapes? -- O, ja, ek het al dikwels dit gedoen.

Why would you do it if you say the police had no stereo tape recorders? -- Dit is enersyds toevallig, met ander woorde slegs bloot omdat ek die band speel op 'n stereo masjien dan word daar eenvoudig stereo geluister en gekyk en andersyds is daar gevalle waar daar om een of ander rede die vraag ontstaan is dit nie dalk 'n stereo opname nie. Die feit dat ek nog nooit 'n stereo opname gehad het nie, beteken nie dat ek die moontlikheid uitsluit dat ek dalk so iets kan kry nie.

So, you say that you would have deliberately conducted a test only if the question arose as to whether a stereo

tape recorder is used. Is that right? -- Normaalweg, ja.

Would these circumstances arise from what you hear on the tape or are these extraneous questions - or would this be a question asked outside your own enquiries? -- Dit sou albei moontlikhede insluit.

What would you come up with while listening to a tape which would make you want to check whether it was made on a stereo machine or not? -- Dit is moeilik om nou te sê presies wat ek sou gebruik om vir my daardie aanduiding te gee, maar daar is dinge wat ŉ mens kan gebruik, soos byvoorbeeld die teenwoordigheid van of die anderse voorkoms van eggos en klikgeluide wat ŉ mens op stereomasjiene kry was op monosisteme.

Are these objective phenomeno which are describable in objective terms or are these feelings which you get while listening to a tape? -- Dit is albei daarvan. Party van hulle ontwikkel ŉ mens ŉ gevoel voor. Dit is moeilik om dit te beskryf. Ander kan jy wel beskryf. Dit is nie altyd duidelik watter ŉ mens wel kan beskryf nie.

Are there any objective features which you can describe now and say clearly to the court these are indications of a stereo recording when you hear it on a mono? -- Ja. Met ŉ stereo opnamesisteem word noodwendig van twee aparte mikrofone gebruik gemaak. Dit is die beginsel van stereo, naamlik dat ŉ mens twee mikrofone het wat ŉ klein afstand uitmekaar is. Dan kan ŉ mens kry dat klank wat by die twee mikrofone aankom is soms verskillend en een van die belangrikste objektiewe aspekte is dié van klikgeluide waar ŉ mens twee mikrofone het wat in afstand geskei is van mekaar.Dan kan ŉ mens gevalle kry waar ŉ klikgeluid nie gelyktydig by die twee mikrofone aankom nie, maar eers

by die een en daarna by die ander. Dit is omdat klank ŉ sekere beperkte spoed het en as klank sodanig beweeg dat dit eers die een mikrofoon en daarna die ander een teëkom, dan sal die een dit noodwendig registreer voor die ander. Indien ŉ mens dan na die tyd op ŉ mono-manier sou luister na daardie opname, dan sou die klikgeluid ŉ snaakse dubbele aspek daaraan hê. Dit sou op ŉ ossilloskoop-analise ook baie duidelik opvallend wees.

How would you respond to the proposition that you could conduct a more thorough examination even after the mono recording by using a stereo player with headphones?

COURT : More thorough than what?

MR YACOOB : More thorough than using a mono recorder? -- Nee, ek stem nie saam dat ŉ mens ŉ deegliker analise kan maak nie, maar wat wel waar is, is dat ŉ mens sekere verskynsels wat kan voorkom sal kan waarneem wanneer jy dit stereo analiseer en nie mono nie, maar daardie verskynsels is almal verbonde met die band wat gebruik word en nie met die opname nie.

Could you perhaps have a situation in a mono recording discernable only if you listen to a stereo where only one of the stereo tracks had been recorded for the whole or part of the tape and not the other which might excite your attention? -- Laat ek net seker maak dat ek reg verstaan. Die vraag hier is vir kassetopnames waar hy in stereo opgeneem is, maar waar ek mono daarna terugluister?

No, I talk of a stereo tape taken up in mono, recorded in mono, saying that when you play it back in stereo you could well find that on such a recording one of the tracks has not been properly recorded on for a whole or part of the tape and that might give you a certain indication?

HOF : Laat ek nou net duidelikheid kry. Sê u byvoorbeeld dat daar 'n stereo opname gemaak word, nou is een van die mikrofone buite werking, dan is daar net een klankbaan wat gebruik word? En nou aan die hand daarvan sê u kan 'n mens dit nou vasstel op 'n sekere manier of is dit nie wat u bedoel nie?

MNR. YACOOB : Nee, miskien moet ek probeer om dit in Afrikaans te stel. Ek sê dat die opname op 'n mono bandopnemer gemaak is en wanneer 'n mens dit toets dan kan ons kry dat as ons daarna op 'n stereo bandopnemer luister, dan kry ons dat miskien net een van die spore voorkom.

HOF : Is u met ons? -- Ja. Daardie soort van verskynsel het ek al waargeneem. Dit is korrek. 'n Mens kan kry - wat ek al waargeneem het is dat 'n opname gemaak is met 'n mono masjien, maar om een of ander rede kruip die band na 'n kant toe, dan word die plek waar die spoor op die band opgeneem is, effens verskuif. Dit kan veroorsaak dat as 'n mens na die tyd daarna luister met 'n stereo masjien, dan kan 'n mens sekere waarnemings maak.

Die waarnemings synde? Dat jy met die een nie hoor nie en met die ander wel hoor? Is dit die waarneming? -- Nie geheel en al nie. Dit is naamlik dat een kanaal sagter kan word as die ander. Ek het nog nooit gekry dat een heeltemal verdwyn nie, terwyl dit wel oorspronklik opgeneem was. Ek moet eers nou net duidelikheid stel hier in die hof dat hierdie bespreking op die oomblik gaan oor kassetbandmasjiene en by kassetbandmasjiene is die twee kanale van die stereosisteem direk langs mekaar.

MR YACOOB : That will mean tracks 1 and 2 in the one direction and tracks 3 and 4 in the other? -- Dit is korrek. Wat 'n mens wel kan kry is dat daar selektiewe

... "drop-outs"

"drop-outs" kan bestaan op die band, wat by terugspeel sou kon veroorsaak dat een van die twee stereokanale momenteel verdwyn, maar die ander een nie.

Have you ever experienced the situation where one of the channels that is playing back a mono recording on a stereo tape recorder, disappears not momentarily, but two or three minutes? -- Nee, ek het dit nog nie gehad nie.

And if you were to come across that, what would it indicate? -- Dit sou vir my aandui dat daar 'n vuiligheid gekom het in 'n gedeelte van die kop tydens opname, wat sou veroorsaak dat die opneemkop van die masjien tydens opname nie meer die volle halfspoorwydte van die band kan benut nie.

And if you did come across this and if it were established that the tape recorder used to make the recording had nothing wrong with its head, its recording head, that would be a clear indication that this was not an original recording? -- Nee, daardie soort van probleem is iets wat kom en gaan. Dit is nie moontlik om na die tyd te sê dat nou makeer die bandmasjien niks, daarom het hy op 'n vorige stadium ook niks makeer nie. 'n Klein stukkie emulsie wat los kom vanaf die bandoppervlakte self, kan tydelik op die opneemkop vassit en hierdie probleem veroorsaak. Dit kan dan ook weer vanself loskom en die res van die opname kan normaal wees.

But is that at least one of the possibilities, that that is not the original recording. Is that one of the possibilities? -- Wag nou dat ek net seker maak dat ek u reg verstaan. Vra u nou vir my of indien ek daardie waarneming maak op 'n band, dan is een van die moontlike verklarings van waarom dit so is, dat dit nie 'n oorspronklike

opname is nie?

On the assumption that it lasts about three minutes?

HOF : Laat ons dit net duidelik kry. Soos ek dit begryp het, is die stelling dat daar teruggespeel word ŉ mono opname op ŉ stereo masjien en dan is daar ŉ verdwyning van twee tot drie minute op een van die twee kanale en dit sou ŉ aanduiding wees dat dit nie ŉ oorspronklike opname is nie?

MR YACOOB : On the basis that you test the original tape recorder and find it to be working perfectly? -- Nee, daardie waarneming en daardie afleiding pas nie sonder meer bymekaar nie.

But before you continue your answer, I am not saying that is is an absolute conclusion, I am asking you whether that is one of the possibilities, having understood your recent answer about a temporary problem. -- Ja, met die besef dat so iets kan verkeerd gaan enige tyd wanneer ŉ opname gemaak word, is dit natuurlik so dat so iets kan verkeerd gaan tydens die maak van ŉ oorspronklike of tydens die maak van ŉ heropname of ŉ volgende generasie heropname of enige volgende heropname wat gemaak word van die oorspronklike af.

But if the original tape recorder, the tape recorder alleged to have made the recording, is in perfect condition, as far as the head is concerned, it is simply one of the possibilities that this is not an original recording? -- Nee, ek het reeds verduidelik dat ŉ mens kan nie agterna kyk na die oorspronklike bandopnemer en sê maar nou werk hy perfek nie en daarom kon die probleem nie ontstaan het tydens die maak van die opname nie. Dit is glad nie ŉ oorweging nie. Dit maak nie saak of die bandmasjien na die

... / tyd

tyd perfek werk nie. Daar is baie ander faktore wat ŉ effek mag hê. So, die feit dat die bandmasjien miskien na die tyd nog goed werk, beteken geensins dat daardie bandmasjien nie wel die een was wat gebruik was vir die maak van die oorspronklike opname nie.

Ek vra net of dit een van die moontlikhede is? -- Die vraag kan nie op so ŉ manier geantwoord word nie. Ek dink ek het reeds geantwoord op die manier dat die probleem kan ontstaan by enige generasie opname, by ŉ oorspronklike of by ŉ heropname. So, daardie aspek alleen dui geensins daarop dat dit ŉ heropname is nie.

The way you phrase that last answer I understand that you assume it to be an original unless there are indications that it is a copy and then you would take each indication and see whether it is necessarily an indication or not. Is that the method by which you work? -- Daar is sekere dinge wat op ŉ band kan voorkom wat slegs ontstaan in die kopieer-proses en dit is die soort van ding wat ŉ belangrike aandui-ding is dat ŉ mens ŉ heropname het en nie ŉ oorspronklike nie. Dit is sulke dinge wat ek gebruik of waarna ek soek om te probeer aantoon dat ŉ opname moontlik ŉ heropname is. Dit is sinneloos om te wil gebruik maak van dinge wat kan verkeerd gaan tydens ŉ oorspronklike of ŉ heropname proses en wanneer hulle voorkom te sê maar nou het ons waarskynlik nie ŉ oorspronklike nie.

I will come back to that later in another context. We are dealing with the situation where you listen to a mono recording through a stereo tape trecorder and find one of the channels recorded on, the other not at all for the space of about three minutes and you would try and find out what would have caused that, is there not the

... / other

other possibility that the erasing head was not working properly and that the result that you have is really the consequence of a bad erasure? -- Ek het nog nooit van so iets gehoor nie. By al die bandmasjiene waarmee ek nog te doen gehad het, kom die wiskop voor die opneemkop en as daar dus 'n skoon deel op die band is, dan kan dit óf beteken dat die band was skoon en die wiskop het nie gewerk nie óf die band was nie skoon nie en die wiskop het gewerk. So, hoe dit ook al sy, die feit dat daar 'n stil stukkie iewers op die band voorkom, kan nie toegeskryf word aan werking, al dan nie, van die wiskop nie.

I talk really of an effort of erasure after the recording has been made. -- Ja, dit is waarom ek sê dat my bandmasjiene vee uit voordat hulle opneem. As die wiskop iets uitvee wat reeds opgeneem is, het ek nog nooit waargeneem op my bandmasjiene nie.

My Lord, I have been informed that accused no. 19 has returned.

COURT : It is noted.

MR YACOOB : Suppose that there is a recording on a tape and the person does not intend to make a new recording on top of it, but simply to erase three minutes of it, could that process, assuming he used an ordinary tape recorder to do the erasing without recording anything else, with the erasing head not working properly, could it give rise to the sort of circumstances that we are talking about?

COURT : Just a moment now. The circumstances being a silence of two to three minutes?

MR YACOOB : A silence of two to three minutes - the situation that we are talking about is a recording made on a mono recorder, a silence of two or three minutes on one of the

... / tracks

tracks when listened to on a stereo recording and what I am putting up is the fact that this may be the result of a bad attempt at an erasure after the fact with the erasure head not working properly? -- Daardie voorstel is vir my heeltemal onaanvaarbaar. Dit is iets wat ek glad nie kan my indink dat dit sal gebeur nie en die moontlikheid daarvan sou ek dus as omtrent nie bestanend beskou. Dit is naamlik so dat die wiskop in alle gevalle 'n veel wyer deel van die band skoon maak as wat benut word deur die opneemkop.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Terwyl u daarmee besig is, kan ons miskien net vra, het u kennis van welke proses eintlik plaasvind wanneer die wiskop skoon maak en wanneer die opnamekop 'n opname maak ten opsigte van die materiaal van die band self? -- Ja, ek dra kennis daarvan. Die wiskop by die tipe bandopnemers wat hier ter sprake is ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit nou kasset bandopnemers? Of alle bandopnemers? -- Hierdie tipe kasset bandopnemers. Daar is twee maniere waarop wiskoppe werk. Een is met wisselspanning en die ander een is met permanente magnete.

Waarvan praat ons nou? -- In hierdie gevalle praat ons van wisselspanning uitveesisteme

Beteken 'n wisselspanning uitveesisteem dat jy 'n verskillende elektriese lading het op twee punte of wat beteken dit? -- Dit beteken dat die klein magneetpartikeltjies wat op die band se oppervlakte lê, in 'n baie vinnige volgorde geheel en al na die een kant toe en daarna na die ander kant toe geruk word. Hulle word gepolariseer in een rigting en feitlik onmiddellik daarna in die ander rigting.

Met 'n magneet? -- Met die wisselende magneet, ja. Dieselfde sein wat gebruik word vir die wiskop, word in 'n baie swakker vorm ook op die opneemkop gebruik sodat die

... / magneet

magneetpartikeltjies wel saggies heen en weer geswaai word terwyl die gewone klank op die band gesit word. Ek kan heelwat verder verduidelik. Ek weet nie of dit nodig is op hierdie stadium nie. Dit is sekerlik vir die doel van die vraag wat gevra is nie nodig nie.

Laat ek nou duidelikheid kry vir myself. Die tipe kassetopnemers wat hier ter sprake is in hierdie saak, is dit almal dié wat 'n wisselspanning het? -- Ja. Sover ek weet gebruik die polisie slegs sulkes.

As hulle nou nie wisselspanning het nie, wat het hulle dan? -- As hulle nie wisselspanning gebruik vir die uitveekop nie, dan is dit die gewone alternatiewes, 'n permanente magneet wat na die band toe geswaai word of weggeswaai word.

In elkeen van die twee gevalle word die rangskikking van die partikels deurmekaar gegooi? Die rangskikking wat die klank veroorsaak? -- Ja.

Dit veroorsaak die uitvee? -- Om klank voort te bring moet die partikels op 'n sekere manier gerangskik wees. Op sommige plekke staan 'n klomp eenkant toe en op 'n ander plek staan dit anderkant toe. Op 'n ander plek staan 'n ander klomp nog na 'n ander kant toe. Byvoorbeeld 'n mens kan kry dat vir 'n kort rukkie staan almal eenkant toe en dan 'n kort rukkie staan almal anderkant toe, almal weer eenkant toe en almal weer anderkant toe. Dit sal 'n eenvoudige fluitgeluid veroorsaak as 'n mens daarna luister. Wanneer 'n mens 'n permanente magneet daaroor stryk, dan staan almal in een rigting en dan hoor jy niks nie, want die terugspeelkop reageer slegs op veranderings in die magneetpatroon van die band en nie in 'n statiese toestand nie. So, 'n mens òf dat almal in willekeurige rigting sal staan met geen

... / spesifieke

spesifieke patroon nie, of dat almal in een rigting sal staan. Altwee van daardie toestande sal 'n situasie hê van geen klank wat by terugspeel gehoor word nie.

MR YACOOB : So, you say it is possible for the recording head to arrange magnetic particles on only a quarter of the tape instead of on half the tape? It is possible for something to go wrong with the recording head for that to happen. Do you agree with that? -- Ek dink voordat ek daardie vraag antwoord moet ek eers teruggaan om die antwoord waarmee ek voorheen besig was net duideliker te stel, naamlik in die redes vir waarom die wiskop nie slegs deel van die band sal skoonmaak nie. 'n Wiskop, as hy werk, sal hy 'n groter deel skoonmaak, 'n wyer deel as dit wat benut word deur die opneemkop, om seker te maak dat indien die band effens sywaarts sou beweeg, dit wil sê normaalweg effens op en af, terwyl dit deur die opneemkop gaan dan maak dit nie saak nie, want daar is meer skoongemaak as wat nodig is. Die opneemkop gebruik dus nie presies die helfte van die band nie, hy gebruik minder as die helfte van die band, maar 'n raps meer as die helfte van die band word skoongemaak deur die wiskop. Die wiskop is nie gevoelig vir klein stukkies vuiligheid wat op dele van die wiskop kan bly vassit nie omrede dat die gaping van die magneetspleet, dit wil sê die deel waartussen die magneetveld ontstaan, redelik wyd is enersyds en tweedens, omdat die penetrasie van die band baie groot is. So, daar is geen manier hoe 'n swak werkende wiskop een deel van die band feitlik heeltemal sal uitvee en die ander deel feitlik heeltemal ongeskonde sal los nie. Ek kan dit glad nie aanvaar nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : U praat nou van een kanaal van die band en die kanaal langs hom. -- Ek praat van een van die

... / twee

twee kanale van ŉ stereosisteem.

MR YACOOB : What about the possibility that one of the tracks is whiped out completely while the other one is rendered soft and unclear? -- So iets , as dit in ŉ baie erge graad is as die sogenaamde "soft and unclear" sou wees "extremely soft and very unclear", dan is dit moontlik dat ŉ mens dit so kan beskryf, ja. Dan kan ŉ mens sê dit is as gevolg van ŉ uitveeproses maar ek sou dit dan ook eerder beskryf as ander probleme, nie noodwendig net probleme wat met die wiskop verkeerd gaan nie.

What are these other problems? -- Die belangrikste effek wat ŉ mens kan kry om verskille in luidheid te veroorsaak in die twee kanale van ŉ stereo sisteem, wanneer daar oorspronklik met ŉ mono bandopnemer opgeneem word, is in terme van sogenaamde kruip van die band. Die band beweeg nie mooi en reguit oor die kop nie, hy beweeg effens sywaarts. Hy klim teen die een kant uit en die band skuif dus ŉ bietjie terwyl hy oor die opneemkop beweeg en daardie is ŉ baie e rn stige effek wat wel van tyd tot tyd voorkom

Any other problems in this context? -- Nee, dit is die belangrikste daardie. Daar is seker nog moontlikhede, maar nie wat ek dink wat hoef genoem te word nie.

You regard them as remote, the other problems? -- Ja. Daar is natuurlik in die wêreld van bandopnemers en bande soveel moontlike dinge wat alles kan verkeerd gaan.

I was actually quite relieved when you said you regarded the other problems as remote. -- Maar dat daar so baie snaakse verskynsels kan wees, dat ŉ mens kan nie sover gaan as om almal te lys nie, maar ŉ mens kan opmerkings maak of ŉ lys gee van dié wat normaalweg probleme verskaf.

This question of the creasing or the physical difficulty

... / of

of the tape that you spoke about, is it observable on the tape itself when you look at it?

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Watter probleem is dit wat u nou behandel? Gaan u oor na ŉ ander onderwerp?

MR YACOOB : No, the same problem. The last reason which the witness gave which would give rise to this kind of recording which was a problem with the tape itself and its movement and its condition, as I understood it.

COURT : Sideways?

MR YACOOB : That is right.

HOF : Die kruip van die band? -- Die kruip van die band word
gewoonlik veroorsaak deur een van ŉ paar moontlikhede. Die
eerste is die effek van ou band, band wat reeds voorheen
gebruik was. Die tweede is, ek sal maar die Engelse terme
hier gebruik "misalignment" van die verskillende dele waarby
K420 die band moet beweeg. Dit self kan op ŉ hele paar maniere
geskied. Die derde kan wees dat die band self stywer span
aan die een kant as aan die ander kant om een of ander rede.
My ondervinding was dat dit is gewoonlik ŉ kombinasie van
die eerste twee wat ek genoem het, naamlik ou band en die
sogenaamde "misalignment" van die meganismes op die band-
opnemer.

MR YACOOB : But is there anything, bearing in mind each of the possibilities which you have mentioned, would you be able to see on the tape when you look at it, apart from the fact perhaps that the tape is old, would it make you think that this might have been the problem? -- Miskien. Soms kan ŉ mens ŉ teken daarvan kry. In sommige gevalle kan ŉ mens na die tyd na die band kyk en sien dat die band geneig is om op tekrul aan die een kant of dat die band geneig is om riffeltjies te maak aan die een kant en die ander kant nie.

... / Maar

Maar dit is nie altyd so nie.

Is it necessary before you conduct your investigation - I would like to rephrase that. Is it important for you to know what machine was used in making the recording in order to make a proper analysis? What type of machine? -- Ek sou sê dit is nuttig. Dit is nie essensieel nie.

Does that mean that you would be at an advantage knowing about that than you did not know? -- Ja. Ek sou dit liewers ligter stel as dat daar kan moontlik voordele in wees.

In this case, am I correct that you did not know the type of machine that was used in each case to make the recording when you made your analysis? -- Nee, dit is nie korrek nie. Ek het meestal geweet wat se bandmasjiene gebruik was.

Is it in your note ABD(6)? -- Nee, dit is nie daarin nie.

Can you say now in which instances you knew and in which instances you did not know? -- In die geval van die TIC bande, daar het ek geweet dit is Uher bandopnemer wat gebruik was.

If we could just take this one at a time. You knew this, I suppose, because as far as you were concerned the police normally used the Uher 4000 reel-to-reel machine or was it that you were told this? -- Ek kan nie onthou nie. Ek is nie seker daarvan nie. Ek dink dit is waarskynlik albei. In die ander gevalle van die kassetbandopnemers, het ek gewoonlik ŉ keuse gehad van miskien twee masjiene. Ek weet dat ek of my assistent op ŉ stadium die ondersoekbeamptes geskakel het en gesê het wat se bandmasjiene het julle gebruik vir die opneem van hierdie bande. Daar is gevalle waar hulle vir ons kon sê hierdie model of daardie model is gebruik.

Of soms waar hulle sê dit kon een of twee van hierdie drie gewees het. Wat ek egter wel geweet het is dat al daardie masjiene waarna verwys is en wat dit moontlik kon wees, dat hulle almal mono masjiene is.

I would imagine that these telephone calls were made on your instructions by your assistent? -- Ja.

HOF : Is almal deur u assistent gemaak of was party deur u gemaak? -- Ek het ook sommige gemaak en hy het sommige gemaak. Ek is nie seker wie in elke geval presies wat uitgevind het nie.

MR YACOOB : You obviously took the time to make telephone calls and so on, because you regarded the information as relevant to your investigation? -- Ja.

Would you say that you have made a note of every factor relevant to your investigation? -- Nee.

After you had been cross-examined in Pietermaritzburg, am I correct in assuming that it was necessary for you to make a note of every factor relevant to your investigation? -- Die kwessie hier is die woord "relevant". Soos ek dit in Afrikaans verstaan beteken dit enigiets wat betrekking het met die analise met die band en dit beteken nie enigiets wat van finale belang is nie. Ek kan sê dat wat van belang is by so ʼn analise is ʼn vorige ondervinding wat ek sou gehad het met ʼn band. Dit het ek miskien nie neergeskryf nie. Daar is so baie dinge wat ʼn effek kan hê of ʼn invloed kan hê op ʼn analise wat nie neergeskryf word nie, dat die vraag is heeltemal sinneloos. Wat natuurlik belangrik is, is dat enigiets wat gevind word wat wel van belang is, dit word neergeskryf. Byvoorbeeld, as ek die band insit, die kasset insit in die masjien en ek speel dit en ek kry iets snaaks en ek vind dan ek het die kasset verkeerd om ingesit, ek het

... / op

op die verkeerde plek geluister, dan is dit sekerlik iets wat van belang was in die analise. Iets wat"relevant" was vir die analise, maar dit is nie iets wat ek neergeskryf het nie. Ek hoop ek maak myself duidelik in daardie aspek.

The purpose of making notes, is to have information before you which you could quite easily forget even on the next day or two days later. Is that not right? -- Ja, vir gevalle waar dit belangrik was. As ek 'n kasset verkeerd om ingesit het, dan is dit nie oor 'n paar dae vir my belangrik om te weet hoe ek hom ingesit het nie.

One of the problems is that you cannot realise the exact extent of its importance until you have completed the investigation. Is that not so?-- Die belangrikheid waarvan?

The importance of information such as the make of the tape recorder which was used? --Die maak van die bandmasjien wat gebruik was, die tipe bandmasjien, dit is neergeskryf. Daar is notas van gemaak en daardie notas is lank genoeg gehou onm seker te maak dat indien dit van belang was, die inligting beskikbaar sou wees, maar daar is lateraan gevind dat daardie inligting nie relevant is nie en daarom is dit nie ingesluit in die dokumentasie wat hier voor die hof is nie. Dit was ook nie die doel van my analise om aan die Hof te verduidelik wat se bandmasjien gebruik was om die opname op te maak nie.

So, had these notes been thrown away or are they sill available? -- Party van hulle is seker weggegooi. Party is miskien nog beskikbaar.

Did you have the experience in the Pietermaritzburg case that you have regarded as not particuarly important began to be important and began to loom large particularly in relation to your notes of certain things? -- Ja, die notas

... / waarvan

waarvan daar gepraat is en wat later belangrik geword het, is dié soort van notas wat ek nou in hierdie hofsaak sorgvuldig neergeskryf het en in die hof ingehandig het as bewysstuk. So, daardie notas is belangrik. Dit is natuurlik - dit kan nie gesê word dat enigiets wat 'n mens neerskryf op enige stadium belangrik gaan wees nie. Daar moet noodwendig 'n siftingsproses plaasvind om te besluit wat is nou op die ou end van belang en wat is nie van belang nie.

Did you not realise that in the same way as you are unable to predict what was important in the Pietermaritzburg case, that you would equally be unable to predict what would be important in this case and that therefore you ought to retain your original notes?

MNR. JACOBS : Ek wil met alle respek beswaar maak teen die vrae. Ek kan nie die relevantheid sien om te sê wat hierdie getuie se kritiek was in die Pietermaritzburg saak nie. Hy het 'n antwoord reeds gegee van watter notas hy belangrik geag het en wat hy gegee het en my respekvolle submissie is dat die advokaat is nou net eintlik besig om hare te kloof en 'n stryery aan die gang te sit.

MR YACOOB : I am sorry. It seems that every time I investigate how scientifically he worked, there are problems.

COURT : Well, there has only been one problem before and that is the problem that eminated from the bench. Are you criticising the bench?

MR YACOOB : Yes.

COURT : While this is being mentioned, I have been wondering for some time. Your experts had the opportunity to investigate these tapes, you are at liberty to attack the tapes, we have no had a couple of hours of cross-examination and we have not come to the particular tapes yet. When are you

... / going

going to get there?

MR YACOOB : I think what is very important in addition to the tapes is that before we get down to the specifics, there have to be certain things on record in regard to the methodology. I would imagine that I should finish that area today. I had anticipated that it would finish earlier, but it seems that this would not be so, but I tell Your Lordship that the methodology adopted by the witness ... (Court intervenes)

COURT : If you want to criticise the witness that he did not make proper notes, just tell him so and then you can argue it later on, but do not attempt to teach him his job.

MR YACOOB : The difficulty of course is that before I can properly make that criticism it is necessary when the witness says that as far as he was concerned it was not necessary to keep them to establish a basis on which I would be able to say that it was necessary. That is in fact the difficulty, unless there is evidence. One cannot just put a proposition to a witness and then argue it in the end. That is my difficulty. I know that it is long and tidious. There is no other way of which I can think of doing it. -- Mag ek op hierdie stadium iets sê in verband met notas, wat verband hou hiermee. Ek het al vantevore gevind in hofsake dat ek so uitgevra word in verband met notas. Dan sê hulle waar is jou oorspronklike notas. Dan haal ek dit uit, dan wys ek vir hulle, dan sê hulle maar kyk, daar het jy iets geskryf wat nou in jou notas anders is en dit gebeur. 'n Mens skryf soms by 'n oorspronklike verkeerde goed neer en dit is die soort van rede waarom ek nie voel dat daar enige sin in is vir my om oorspronklike notas wat ek geneem het, hier by die hof uit te haal en dit voor te lê nie, want dit sal die volgende vraag wees wat hulle sal vra. As jy dan notas gemaak

... / het

het, bring die notas dat ons kan sien die notas. Daardie notas is dikwels onsamehangend en het slegs betekenis gehad op die stadium toe ek daarmee gewerk het. Ek het intussentyd daardie notas verwerk in ŉ sinvolle manier en in ŉ vorm wat enigiemand anders ook na kan kyk en die feit dat ek nie nou daardie notas wat ek oorspronklik gemaak het by my het nie, beteken sekerlik nie - ek kan nie verstaan hoe dit geïmpliseer kan word dat dit kan beteken dat ek onwetenskaplik te werk gaan in my analises nie. So, ek wil beswaar maak teen daardie benadering van die ondervraer hier.

The only point is that unless, if your notes had been disposed of, it is not possible to fully test whether you had done your work in a scientific fashion.

COURT : Is this correct? You have had the tapes? So, you can test his work. You will address me on this, but *prima facie* that is my view and that is why I attempted to bring you back to the tapes.

MR YACOOB : The only point I make, it is not possible fully to test. Obviously we have had the tapes, but some of the cross-examination which I will conduct this afternoon will indicate the nature of the problems arising out of that.

So, you say you do have notes of some of the machines which had been used and you do not have notes of others, but that in every case you knew precisely which machine had been used in making the recording. Is that right? -- Nee, ek het nie so gesê nie. Moet ons weer voor begin? Ek het gesê dat in sommige gevalle het ek geweet watter masjien gebruik was. Ek het gesê in ander gevalle het ek ŉ keuse gehad van ŉ moontlikheid van masjiene. Ek het nie in elke geval geweet wat se masjien gebruik was nie.

Can it not help in your investigation in regard to

...

whether a tape is an original or a copy, to have access to the machine which was actually used? -- Nee, nie noodwendig nie.

Can it be helpful? -- In sommige gevalle kan dit wees, ja.

And can you determine those circumstances always without looking at the machine, the machine which was actually used to make the recording? -- Watter "circumstances" praat u nou van?

Die "gevalle" which you spoke of in which it can be helpful to you to have the original machine which was used to make the recording? -- Ek kan net hier verduidelik dat in baie gevalle het die opneembeamptes nie eers na die tyd geweet watter tipe masjien hulle gebruik het nie. Dit kon een van twee of drie tipes gewees het. Verdermeer is daar miskien vyf van een spesifieke tipe beskikbaar in ʼn sekere plek. So, hulle sal nie eers weet watter een van daardie vyf dit was nie. Dus in sulke gevalle help dit my niks tensy ek ʼn spesifieke masjien kan kry nie en dan ook slegs indien daar sekere waarnemings gemaak word wat dit sou regverdig dat dit nuttig sou wees om die spesifieke masjien te kry vir vergelyking.

So, you say it would be helpful for you if it were possible to have the exact machine in your possession? -- Nee, ek het dit ook nie gesê nie. Ek het gesê daar is gevalle waar dit nuttig kan wees. Ek het gesê dit sal nuttig wees in alle gevalle nie.

And is it possible for you te determine,before you have the machine in your possession, whether it is going to be useful or not? -- Ja.

And did you find it necessary to have access to the actual machine in respect of the analysis of any of the tapes

which you analysed in this case? -- Ek het dit versoek, ja, daar was sekere daarvan wat ek sekere verskynsels graag wou uitklaar met die oorspronklike masjien, maar dit was toe nie moontlik nie.

And I take it you requested such a machine because you thought it would help your investigation? -- Ja.

Can you say now in which case in respect of the tapes involved in this case, you requested the machine and in which not? -- Ek dink dit was in die geval van die Claremont band.

Are you certain that it was only one or do you think it could have been more than one? -- Die ander moontlikheid is ook the Luthuli Memorial bande. Dit kan wees dat vir daardie twee - ek dink met, in verband met daardie twee bande het ek met die ondersoekbeamptes gepraat oor die moontlikheid om die - om uit te vind watter bandmasjien presies gebruik was.

HOF : Praat ons nou van ŉ spesifieke masjien of ŉ spesifieke tipe masjien? -- Ek wou graag die spesifieke masjien hê, alternatief net die tipe masjien, maar nie in een van daardie gevalle was die spesifieke masjien beskikbaar nie en was dit nie eers bekend presies watter tipe masjien dit was nie, aangesien dit een van twee moontlikhede kon gewees het in albei gevalle.

MR YACOOB : Would you have notes of this? In respect of the meetings or the tapes in respect that you wanted the original machine and why you wanted it? -- Ja, ek sal notas hê daarvan.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

... / HOF

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-19-136**
*Document Title:-* **Vol 136 p 6697-67S4. Witness: Jansen**